VERJAARSDAE : 26 JULIE TOT 1 AUGUSTUS 2009

07/26	RINA	PRETORIUS	VAN RIEBEECKLN 30	Blok 4
07/26	CELESTE	HAFELE	CANTONMENTSWEG 2	Blok 3
07/27	HENRI	JONKER	6DE STRAAT 8	Blok 1
07/27	HERMIEN	STOLZ	SMUTSLN 224	Blok 1
07/28	JAAP	VAN WYK	KRUGERLN 140	Blok 3
07/28	LIZELLE	HAUPT	MONTROSE 7	Blok 4
07/28	CAREL	HAUPT	MONTROSE 7	Blok 4
07/30	JOHANÉ	GREYLING	HANS STRIJDOMLN 292A	Blok 1
07/31	XENEY	BLIGNAUT	KRUGERLN 141	Blok 3
07/31	MIA	MONTGOMERY	CASA MIA WS 7	Blok 1
07/31	MIGAEL	GORDON	LAURISTON MEWS 2 VIKINGSTR	Blok 4
07/31	JAN	VD MERWE	DF MALANLN 12	Blok 4
07/31	DANIE	KRITZINGER	VAN RIEBEECKLN 172	Blok 2
08/01	MAGDELEINE	VAN AS	DE LA REYWEG 26	Blok 4
08/01	ZOË	MULLER	BERYLLAAN 35	Blok 4

HUWELIKHERDENKINGS : 26 JULIE TOT 1 AUGUSTUS 2009

WOENSDAG, 29 JULIE
BRAAM EN MARIE DE VILLIERS — KRUGERLN 12 — Blok 4

VRYDAG, 31 JULIE
PIETER EN ANNA VELDSMAN — TECOMA WS 5 — Blok 1

BOOMSLOPING
EN
SNOEI VAN
BOME EN
STRUIKE

KONTAK: ERNST

083 656 4992

חי

Dr Liandi Fourie
MBChB(Pret)
Algemene Praktisyn

Ons passie is
volhoubare gesondheid
dmv 'n natuurlike benadering,
lewenstylbeplanning
en natuurlike produkte.

Chris Hougaardstraat 324
Wierdapark
012-6530564

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 26 Julie 2009

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 26 JULIE 2009

Deurkollekte motorwag

09:00 Erediens: Freddie Schoeman
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens: Jacques Erasmus
18:45 Kategese / Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier / speel saam

MAANDAG, 27 JULIE

19:00 Droomspanbyeenkoms

DINSDAG, 28 JULIE

19:00-20:30 Sektor 2 vergadering

WOENSDAG, 29 JULIE

17:00 Biduur
19:00 KAF-vergadering

DONDERDAG, 30 JULIE

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate
18:30 Alphakursus

VRYDAG, 31 JULIE

18:00 OppiKoffie "BASH"

SATERDAG, 1 AUGUSTUS

10:00 Klub Immergroen byeenkoms.
Lede van Klub Immergroen (60 jaar en ouer) word uitgenooi na 'n gratis ontbyt. Uitnodigings sal hierdie week aan klublede gerig word.

SONDAG, 2 AUGUSTUS

Deurkollekte Noodlenigingsfonds

09:00 Erediens: Freddie Schoeman
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese / Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier / speel saam

DINSDAG, 4 AUGUSTUS

19:00 Droomspanbyeenkoms (Boobste lokaal)

WOENSDAG, 5 AUGUSTUS

17:00 Biduur
As u wil inskakel by hierdie biduur-groep, skakel ds Odie Odendaal (012 664 6526).

NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel maak van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084 581 8139) of Max Amsenga (012-664-3629) skakel.

VOORBIDDING

1. Dries en Rina van der Merwe, Van Riebeeckln 49 met Rina wat Donderdag 'n voetoperasie ondergaan het by Unitas Hospitaal ((Blok 3).
2. Ons dink in besonder aan Gustav en Heleen Venter, Bettystr 379 met Gustav wat rekonstruksieprosedure ondergaan het na die kaping (Blok 1).
3. Pieter en Anna Veldsman, Tecoma w/s 5 met Pieter wat tuis aansterk (Blok 1).
4. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat nog steeds wag op 'n skenker vir 'n niero-orplanting. (Blok 2). Ons vra voorbidding vir die hele gesin.
5. Ons dink aan Arina Liebenberg, Van Riebeeckln 81 wat geval en haar been beseer het (Blok 3).

MEEGEVOEL

Ons betuig graag ons meegevoel met Ria Briedenhann en familie (Moltenoweg 2) met die afsterwe van Hendrik Donderdagoggend. Ons bid julle die Here se vertroosting en nabyheid toe. Sterkte vir die dae wat kom (Blok 2).

Die roudiens vind Dinsdag, 28 Julie om 11:00 plaas vanuit Lyttelton-Ooa kerk en word gelei deur Ria se skoonseun, Christo Smith.

GEBEDSNETWERK

Kom ons begin mekaar as geloofsgesin daadwerklik te ondersteun deur deel te word van ‘n gebedsnetwerk.

HOE WERK DIT?

Jy neem verantwoordelikheid vir twee / drie gesinne. Dis jou verantwoordelikheid om hierdie gesinne gereeld te kontak en te verneem waarvoor voorbidding gedoen kan word. Daar moet elke dag vir die gesinne gebid word.

Jy is óók deel van iemand ander se verantwoordelikheid. Iemand anders kontak jou en jou gesin gereeld en doen vir julle voorbidding.

Vertroulikheid word ten alle tye gehandhaaf. Geen inligting mag sonder toestemming verder gekommunikeer word nie.

So bemoedig en versterk ons mekaar se geloof.

Ek bedoel dat, as ek by julle is, ons deur mekaar se geloof bemoedig kan word, ek deur julle s’n en julle deur myne. (Romeine 1:12)

HOE WORD EK DEEL?

Indien jy op die gemeente se sms-databasis is, sal jy van-oggend ‘n sms ontvang. Reageer deur te “reply”: “Opsie 1” of “Opsie 2” of “Opsie 1 en 2”. (Indien jy nie ‘n sms ontvang nie of nie deel van die databasis is nie, stuur ‘n sms aan 084 581 8139.) Indien jy reeds gereageer het, ignoreer asb. die sms.

Opsie 1 beteken: Ja, ek wil graag hê dat iemand my gereeld kontak en vir my bid.

Opsie 2 beteken: Ja, wil / is bereid om twee of drie gesinne gereeld te kontak en vir hulle te bid.

VAKANSIE BY MARLOTHPARK ...

Geniet ‘n heerlike vakansie terwyl die Parknaval met die netto opbrengs begunstig word.

Marlothpark

geleë teen die Krokodilrivier tussen Malelane en Komatipoort +- 90 km vanaf beide Maputu en Swaziland.

3 x Dubbelbed en suite kamers; 1x Bo vertrek(Loft) met 4 enkel beddens; totaal 10 persone.

Tarief: R200 Volwassenes R150 Kinders 6-18 jr per persoon per dag

Vir besprekings kontak Heinz Meissner :Tel 012 664 3759 / Sel 082 806 8530

e-pos heinzmeissner@vodamail.co.za

ARMOEDE – HOE MOET ONS AS GELOWIGES DIT HANTEER?

- **WAT IS DIE BYBEL SE BENADERING TOT ARMOEDE**

  Die ideaal van die lewe word in Spreuke 30:8, 9 saamgevat. Maak my nie ryk nie, dan verloën ek die Here. Maak my nie arm nie dan kan ek dalk steel en God se Naam oneer aandoen.

- **HOE MOET EK VIR ARMES SORG?**
  - Ek betaal belasting. Die owerheid moet die verantwoordelikheid neem vir die armes, siekes, gestremdes, minder bevoorregtes!
  - Ek gee my dankoffer vir die kerk. Die kerk moet deur al sy strukture en dienste die armsorg hanteer.
  - Ek gee bydraes op kollekteerlyste van allerlei welsynsorganisasies.
  - Ek neem selfs deel aan die Lotto want hulle deel mos uit aan die verskillende nie-regeringsdiensorganisasies.

JA MAAR ...

Wat van die mense op die hoeke van die strate? Wat van die mense wat daagliks my deurklokkie lui.

Wat van die bedelaar wat my tromp op loop.

Wat van die werkloses wat wil werk maar wat deur omstandighede arm geword het en te trots is om te vra.

ONS GEMEENTE EN ARMESORG

Hoe weet ons van die armes in ons gemeente? (Dit is die diakens se taak).

Die Getuienisaksie maak voorsiening vir armes wat in die uitreikaksies op ons eie pad kom.

Aksie Arbeiders vir die Oes is voortdurend betrokke by straatkinders, boemelaars en prostitute. Ons finansiële ondersteuning word dus direk aangewend vir sodanige armes.

Die rommelverkopings bied klere en ander huishoudelike goedere baie goedkoop aan huishulpe en tuinwerkers. Bybels word teen ‘n gesubsidieerde prys verkoop.

Die voedselvoorsieningsprojek ondersteun die werkloses. Hulp van die gemeente word aangewend.

Die Geloofofferfonds maak ook jaarliks voorsiening vir ‘n bedrag aan die Helpende Hand-aksie wat spesifiek Blanke skuilings ondersteun.

Verantwoordelike armesorg moet sorg wees wat daartoe kan lei dat die arme gehelp kan word om uit die krisis te kom en te verander van een wat ontvang na een wat gee.

IS EK EEN WAT GEE?

Jesus het gesê: Die armes sal julle altyd by julle hê (Joh 12:8). Ek kan hulle dus nie miskyk of misken nie.

DRIES VAN DER MERWE

GEBEDSBRIEF SONDAG 26 JULIE 2009

Liewe Gemeente

Ek hoop die van u wat weg was het goed uitgerus en sien kans vir die volgende kwartaal. Welkom terug en ek vertrou dit gaan vir u 'n wonderlike geestelike kwartaal wees.

Ons onderwerp is Gebed en Bybelstudie.

Omdat die Bybel nie maar net nog 'n boek is nie, maar eerder die middel waardeur God dikwels met ons praat, moet ons goed let op hoe ons dit aanpak. Natuurlik gebruik God dit gereeld om te praat met mense wat min tyd vir Hom het, en wat Bybelstudie selfs krities of skepties benader. Maar as Christengelowiges moet ons dit met geloof aanpak, met afwagting en nog belangriker, met die doel om ons wil te onderwerp aan God se wil. Daarom is dit die natuurlikste ding onder die son om jou Bybelstudie met gebed te begin. Deur te bid erken ons dat God ons moet help terwyl ons lees, anders kan ons nooit regtig verstaan nie. Verder stel ons ook ons lewe en denke daarmee ondergeskik aan God se woord. Hierdie beginsel is onder alle omstandighede van toepassing, hetsy of ons besig is met persoonlike Bybelstudie en of ons deelneem aan openbare Bybelstudies. Kom met verwagting en vra, en God sal jou gee wat jy nodig het. Jesus het dit self vir ons belowe.

Oor baie jare heen het talle mense hierdie eenvoudige gebed gebruik wat uit die Bybel self kom: "Maak my oë oop dat ek die kragtige werking van u wet ervaar" (Ps 119:18) en gevind dat dit hulle help om die regte gesindheid aan te kweek. Nie net kan ons ons Bybelstudie met gebed begin nie, ons kan daarna ook biddend voortgaan. Ons kan die gedagtes, temas, beloftes en bevele wat ons gelees het omsit in lof, in belydenis, in versoeke en in voorbidding vir ander. Het ons gelees van God se trou? Dan loof ons Hom en vra dat ons eie vertroue in Hom en in sy sorg vir ons sal verdiep. Het ons nagedink oor sy geregtigheid? Dan vra ons Hom om ons ongeregtigheid te vergewe; en bid ons dat ons lewens sy heilige aard sal weerspieël, en dat ons sal werk om die ongeregtigheid in ons samelewing reg te stel. Daar is niks nuut nie.

Lees Daniel hoostuk 9 en kyk waarheen sy Bybelstudie hom gelei het. Uit sy Bybelstudie het hy agtergekom dat Jerusalem verwoes gaan word en sewentig jaar lank 'n puinhoop gaan wees. Hierdie gewaarwording het hom onmiddellik op sy knieë gedwing om namens Israel skuld voor God te bely en te pleit om vergifnis. So baie van hierdie gewaarwordings kan plaasvind wat ook van toepassing is op vandag se omstandighede.

Ek wonder of u al op sulke gewaarwordings afgekom het. Indien u het, laat weet my daarvan sodat ons dit kan bestudeer.

Hoop u het 'n wonderlike week!

Groete

Gebedspan

Alpha

'n Geleentheid om die betekenis van die lewe te ontdek

23 Julie—22 September

Elke Donderdagaand om 18:30.

Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op 'n terugvoervorm aan of skryf in op ons webblad by http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm

Die Alpha kursus begin nou eers 30 Julie omdat 'n kragonderbreking die eerste aand se aanbieding in die wiele gery het. Daar is dus nog geleentheid om deel te wees van hierdie geloofsvernuwende reeks.

VOEDINGSKEMA

Die skema word uitgebrei om nou ook **DINSDAE** in te sluit. Daar word dringend nog persone benodig om te help met die voorbereiding en bediening op die betrokke dae vanaf 06:30 tot ± 08:00

E-DEBIETORDER

Die Saakgelastigde hanteer 'n e-debietorderstelsel vir die gemeente. Indien u belangstel om meer te wete te kom, skakel mev Maree (012 664 4458).

Vorms is in die konsistorie beskikbaar of u kan dit per e-pos aanvra by ngk@lytteltonoos.org.za

Woordwyser e-pos dagstukkies

Ontvang daagliks in jou e-pos 'n Woordwyser dagstukkie!

Elke Woordwyser-dagstukkie is 'n wyser na die Woord toe—dit help jou om elke dag se Skrifgedeelte te verstaan deur genoeg agtergrondinligting en woordverklarings te gee. Bybelboeke word sistematies behandel.

Teken in @ R50 per jaar deur na die Oostelike Sinode se webwerf te gaan (www.sinoos.co.za) en op die tuisbladsy op die skakel by "Daaglikse e-dagstukkie" te klik of tik die volgende adres in jou internetprogram in: http://www.sinoos.co.za/e-dagstukkie

BEDANKING

Die afsterwe van my broer Johan was vir hom 'n verlossing na sy lang en ergere lyding. Vir ons wat hom lief gehad het laat dit 'n groot seerplek. Almal wat tydens sy siekte en na sy afsterwe vir hom gebid het en wat ons met simpatie- en seënwense ondersteun het, ons grootste dank. Elkeen van hierdie liefdesdade was 'n pleister wat gehelp het om die seer te bedek en herstel te bewerkstellig. Nogmaals baie dankie.

Kobus en Elize Badenhorst.

BELANGRIKE DATUMS HIERDIE JAAR:

- **19 September: PARKNAVAL**

(Ons jaarlikse groot feesgeleentheid wat ons vir ons gemeenskap reël)

- **9-11 Oktober: GEMEENTEKAMP**

'n Geleentheid om saam te kuier, lag en speel—vir 'n hele naweek lank!

TERUGVOER

Jou terugvoer is vir ons belangrik!

Om beplanning te doen, dinge te verbeter, 'n ryker eredienservaring te skep, ons gemeentebediening en –praktyke te verskerp is dit vir die leierskap van die gemeente uiters belangrik om te hoor wat lidmate sê.

Die terugvoerkaarte in die banke is een belangrike manier waarop jy kan terugvoer gee en kan aandui wat jou opgewonde en bly maak en die wat die haakplekke en krapplekke in die gemeente is.

Vul dus gerus sommer nou 'n terugvoerkaart in!

Baie dankie—ons waardeer dit regtig baie.

KOM BID SAAM!

Sondagoggende vanaf 08:00 in bo-kamer
Ons bid vir:

- die erediens
- ons gemeente
- spesiale versoeke (terugvoerkaarte)

Kom berei jouself geestelik voor vir die erediens
Kom wanneer jy kan, bly solank jy wil, gaan wanneer jy moet …

Wanneer gelowiges bid sidder die duiwel ...